# BoekJol was 'n kruispunt

**Riëtte Grobler**

'N Boek behoort nie aan 'n skrywer nie, dit is 'n tasbare kruispunt tussen baie lewens," het die skrywer en redakteur Jeanette Fereira Vrydag tydens die Universiteit van Pretoria (UP) se eerste BoekJol gesê. Fereira het gepraat oor haar historiese romans.

Die BoekJol, 'n viering van akademiese en literêre boeke, het van 5 tot 8 Maart op die kampus plaasgevind as deel van die universiteit se eeufeesviering. En hoewel vanjaar se BoekJol nie uit sy nate gebars het nie, het dit 'n welkome kruispunt tussen skrywers, lesers en uitgewers gebied.

Die BoekJol was die biblioteekdiens van die UP se bydrae tot die tientalle aktiwiteite wat vanjaar op die kampus plaasvind. "Ons hoop om die BoekJol in die toekoms 'n jaarlikse gebeurtenis vir die hele stad te maak," het Ujala Satgoor, die UP se adjunk-direkteur van spesiale eenhede gesê.

"Daar was 'n onverwagse reaksie op vanjaar se BoekJol. Mense dink soms aan die universiteit as 'n ivoortoring, maar ons het hierdie week iets vir almal gebied."

Die BoekJol is geopen deur die digter en politikus, dr. Mathews Phosa. Phosa het gepraat oor die versoenende aard van taal.

Benewens die eeufeesviering was die BoekJol ook 'n poging om mense bewus te maak van die belangrikheid van boeke, lees en literatuur.

Volgens Satgoor was die skool- en kinderprogramme 'n groot sukses. Sowat 600 kinders van voorheen benadeelde skole het die universiteit deur die loop van die week besoek. Die kinders is blootgestel aan kinderteater en voorlesings. Volgens Elsabé Olivier, wat die kinderprogram georganiseer het, is daar gepoog om vir elk van die 600 kinders 'n boek as geskenk te gee.

Poësievoorlesings en besprekings deur digters soos die Durbaniete Sally-Ann Murray en Kobus Moolman is ook goed bygewoon. Ander skrywers wat oor hul werk gepraat het, is Johann Lodewyk Marais en Hans du Plessis.

Veral die gesprek tussen Elda van der Merwe en Du Plessis het getoon dat die BoekJol allermins 'n akademiese lesingreeks probeer wees. Met 'n glas wyn in die hand en 'n oor-en-weer gesels met die gehoor, het Du Plessis vir langer as 'n uur oor sy Griekwa-skryfwerk gepraat.

Vrydag se simposium oor die die fenomeen van e-boeke was een van die gebeure op die professionele program. 'n e-Boek is volgens die program digitale ekwivalent van 'n gedrukte boek.

Die Zimbabwiese skrywer Shimmer Chinodya wenner van die 2007 en 2008 Nomatoekenning vir uitgewery in Afrika, se voorlesing uit sy werk het vir humor gesorg. Chinodya, wie se werk in elektroniese formaat beskikbaar gestel word deur ProQuest, is 'n innemende voorleser. Sy skryfwerk, meen hy self, is 'n bewys van wat met Engels gedoen kan word as dit aan 'n Afrikataal-spreker toevertrou word.

ProQuest se databasis bestaan uit seldsame boeke en boeke wat uit druk is. "Die e-boek-formaat hou my boeke lewendig," het Chinodya gesê.

Die "professionele program" het ook 'n seminaar, *Women Writing, Reading, Here and Beyond* en 'n lesing deur Rhodé Odendaal van Content Solutions, oor die opkoms van self-publikasie, ingesluit.



Johann Lodewyk Marais



Hans du Plessis

Een van die interessantste uitstallings van die BoekJol was die Tuks-boekuitstalling in die Villa Museum. Dit het vir die eerste keer die sowat 2 000 boeke deur personeel en alumni van die UP in een versameling uitgestal.

Volgens Maureen du Pissani, die organiseerder, is die oudste boek in dié versameling 'n UP-kalender wat dateer van 1907, terwyl die jongste boek in die uitstalling eers volgende maand bekend gestel word. "Ons onderhandel tans met die universiteit om die uitstalling langer te laat duur – die reaksie was verstommend," het Du Pissani gesê.

# Meesters van marionette kry Olivier-prys

Kort nadat *War Horse*, 'n teaterproduksie van die Handspring Puppet Company, einde verlede jaar in Londen met die *Evening Standard*-teaterprys vir die beste ontwerp bekroon is, het dié geselskap nou ook die gesogte Olivier-prys vir beste stelontwerp vir dié werk gekry.

Rae Smith, stelontwerper van die produksie, het die prys in ontvangs geneem. Handspring se Basil Jones en Adrian Kohler was verantwoordelik vir die reuse- marionette wat gehore hier en in die buiteland betower het.

Dié stuk was onder meer te sien in Londen se National Theatre.

*War Horse* handel oor die verhouding tussen 'n seun en sy perd tydens die Eerste Wêreldoorlog. Die oorspronklike verhaal is geskryf deur Michael Morpurgo.

Smith werk gereeld saam met die National Theatre en was voorheen betrokke by verskeie teaterproduksies op die West End en ander vooraanstaande teaters.

Die Suid-Afrikaanse Handspring Puppet Company is in 1981 gestig deur vier oudstudente van die Michaelis-kunsskool in Kaapstad.

Aanvanklik was hul oogmerk om skole te besoek met marionettevertonings, maar hul eerste volwaardige produksie in 1985 het hulle in die kollig geplaas.

Dit was onder meer hul betrokkenheid by verskeie van William Kentridge se produksies soos *Il rittorno d'Ullisse in patria* en *Woyzek on the Highveld*, wat Handspring bekend gestel het aan 'n wyer teatergehoor.

■ *Woyzek on the Highveld* is tot 30 Maart te sien in die Barney Simon-teater, Newtown, Johannesburg.